KERKHERENIGING: Wat is die storie?

Danie Mouton

Ook in Oos-Kaapland het fasiliteerders aan die einde van 2006 met gemeentelike leiers, veral predikante, oor die groot deurbrake ten opsigte van kerkhereniging gesels. Dit is opgevolg met 'n kerkherenigingskonferensie in die Oos-Kaapse familie in Maart 2007 op Cradock.

Terugvoer

Daar was natuurlik heelwat voorbehoude. Die grootste enkele faktor, rapporteer leraars, is die politieke lens waardeur lidmate kerkhereniging sien. Gegewe die konteks van regstellende aksie, misdaad, die politieke verwikkelinge van die afgelope dekades en die posisie van Afrikaans, word ons as't ware geprogrammeer om polities oor kerkhereniging te dink.

Hierdie politieke bril trek natuurlik die werklikheid van kerkhereniging skeef. Dis soos die kromgetrekte spieëls in pretparke wat jou in 'n oogwink in 'n karikatuur verander. Maar die drogbeelde is vir diegene wat deur hierdie lense kyk, 'n werklikheid. Hierdie bril veroorsaak dat kerkhereniging gelykgestel word met (al weer!) politieskorrekte optrede. Rassisme versterk die drogbeelde.

Aan die ander kant sien verskeie Oos-Kaapse plattelandse gemeentes kerkhereniging as die logiese volgende stap in hulle bediening. In baie gevalle tree NG Kerk leraars al as VG Kerk-bedienaars op, en kom gemeentes baie goed oor die weg. Op plattelandse dorpe ontstaan 'n groeiende besef van lotsgebondenheid, en kyk gemeentes vooruit na samewerking. Een van die plattelandse NG Kerk-ringe, Graaff-Reinet, het só al twee keer saam met die VG Kerk-ring vergader. Dit het gelei tot effektiewe kruiskulturele bedieninge. Die Ring van Dordrecht bied multi-kulturele staptogte vir jong mense aan.

Die heersende kerkbegrip strem kerkhereniging. Baie lidmate sien die kerk as "ons" kerk, 'n klub waar ons die reëls maak en waar ons behoeftes vervul word. In so 'n raamwerk lyk kerkhereniging natuurlik onsinnig. "Wat is julle storie met kerkhereniging - kan julle nie sien klublede wil dit nie hê nie?"

Daar was in die twintigste eeu drie hoofstrome in die NG Kerk: die evangeliese stroom (nalatenskap van Andrew Murray), die Gereformeerde been (vergelyk die insette van prof Willie Jonker) en dan natuurlik die volk-nasionalistiese been. Laasgenoemde het die teologiese regverdiging vir apartheid voorsien en die kerkbegrip gebaar wat ons nou pootjie.

Afrikaner-nasionalisme het die NG Kerk onberekenbare skade gedoen. ***Die Here gee die oop deure vir kerkhereniging*** - hoe moeilik die gesprekke daaroor ook al

sal wees, en hoe pynlik en disoriënterend skeuringe wat kan kom - ***as geskenk aan ons*** om nuut te verstaan wat ons identiteit is en hoe ons geroep is om Hom te dien.

Die voortgang van kerkhereniging is 'n wonderlike Bybels-teologiese geleentheid vir ons kerk om te transformeer na 'n nuwe vlak van gehoorsaamheid en roepingsgedrewenheid.

Maar waar is God in die storie?

Vir my was die ontstellende van die gesprekke dat God so min in ons konsep van kerkhereniging figureer. Hoewel ek aan die begin van elke gesprek telkens die Godsvraag aan die orde gestel het, was dit duidelik dat dit op min predikante resoneer.

Wat sou mens kon sê oor vrae soos: Waar is God in die proses van kerkhereniging? Herken ons Hom daarin? Pas die prosesse, metodes, styl en waardes van kerkhereniging by die karakter van God? Baie lidmate en predikante beleef hereniging as disoriënterende verandering, en hou nie van die onsekerheid wat dit meebring nie. Sou mens God kan herken as Gewer van hierdie disoriëntasie wat sy kerk voorberei vir 'n nuwe tyd?

Die Godsvraag moet ***trinitaries*** gevra word. Dan dink 'n mens na oor God as Skepper en Onderhouer, oor Jesus en die evangelie van sy dienende self-ontlediging, sy lewe, sterwe en opstanding, oor die Gees wat oor ons uitgegiet is, die samebindende tale-wonder op Pinksterdag, en die voortgang van die kerkgeskiedenis soos Handelinge dit vertel met al die nasionale en kulturele grense wat oorgesteek is. Hoe werk dit prakties dat Jesus die middelmuur van skeiding afgebreek het?

Hartseer genoeg, word God en kerkhereniging nie met mekaar in verband gebring nie. Telkens blyk dat ons kerkmense nie 'n bril opsit waarmee God nagespeur kan word nie. Bewus van die gevaar van veralgemening, moet mens konstateer dat God vir ons afwesig is - in kerkhereniging, maar ook breër in die wel en weë van kerkwees en in die nadenke oor ons roeping. Ek is besorg dat ons die trinitariese "plot" van die evangelie - verlossing, versoening en genesing - verloor het.

Dit is nodig om in ons kerkherenigingsgesprekke baie duidelik oor God, oor die kerk en oor die verband tussen kerkhereniging en ons roeping in hierdie land te kommunikeer.

Tydens die gesprekke het predikante sonder uitsondering gevra dat 'n pro-aktiewe kommunikasieproses op dreef moet kom. Daar moet direk met gemeentes en lidmate gepraat word. Kom ons gryp hierdie geleentheid aan: Om te praat oor God, ons identiteit as kerk, en ons roeping.

Verhoudinge

Die kerkherenigingskonferensie in Maart op Cradock het my nuwe hoop gegee. Waar voormalige opponente en teenswoordige vreemdelinge 'n punt bereik waar hulle egte vriende word, soos op Cradock gebeur het, skep ek hoopvol moed. Daar is nuwe energie vir kerkhereniging in die Oos-Kaap!

Danie Mouton